**Saterdag 14 Maart**
**Skrifgedeelte: Ester 4**
**Fokusgedeelte Ester 4:14 (AFR53)**
**God plaas sy kinders strategies ter wille van sy kerk!**

In Ester se tyd het Haman beplan om die volk van God, wat in ballingskap was, uit te roei. Mordegai het haar van die plan laat weet en haar gestuur om vir die volk in te tree by die koning. Ester was eers bang en huiwerig, want ’n mens kon destyds doodgemaak word as jy ongenooid by die koning opdaag.

Daarom het Mordegai haar laat weet: Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ’n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het! Mordegai het ingesien dat God in sy groot barmhartigheid vir Ester laat koningin word het om sy volk te red. Ja, God plaas sy kinders strategies in die wêreld ter wille van sy kerk.

So moet ons ook ons eie omstandighede sien. Of ek nou ’n besturende direkteur is en of ek nou maar eers in graad 1 is en of ek ’n huisvrou of ’n pensioenaris of wat ook al is – die Here het daarmee ’n doel en Hy wil my gebruik. Die posisie wat ek beklee – hoe belangrik of onbelangrik dit is, maak nie saak nie – ek moet dit altyd sien as ’n posisie waarin die Here my geplaas het ter wille van sy kerk op aarde.

Ester wou eers terugdeins van hierdie gedagte. Haar feëverhaalbestaan het skielik in ’n nagmerrie ontaard! Maar sy moes leer: Gelowiges leef nie vir hulleself nie. Gelowiges lewe vir die Here en vir sy kerk.

Ons troos is: God is barmhartig en in beheer. Hy plaas sy kinders, ook vir my, strategies om ons te gebruik. Daarom moet ons bereid wees om opofferings te maak uit dankbaarheid vir die verlossing in Christus. Daarom moet ons nie vir onsself lewe nie, maar vir God en ons medegelowiges! Daarom ontvang ons ook herinnerings aan wat ons roeping eintlik is.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*